

**Woensdag 17 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 130**

**Fokusgedeelte: Psalm 130:3; HK Sondag 21, Vraag 56**

### **Die sonde en die straf daarop**

Om die belydenis van die vergewing van sondes reg te verstaan, is dit nodig dat ons goed moet besef wat sonde is en wat God se straf daarop is as Hy dit nie vergewe nie. Die digter van Psalm 130 (vs 3) verwys daarna as hy in 'n retoriese vraag te kenne gee dat die sonde in God se oë baie ernstig is.

Wat sonde is, word in die Skrif op verskillende wyses aangedui.

- Sonde is *ongeloof* omdat Adam met die sondeval God se waarskuwings nie geglo het nie (Gen. 2:16, 17; 3:6). Volgens Calvyn is ongelof die wortel van die afval van God.
- Sonde is *moedswillige ongehoorsaamheid* (Gen. 3:6; Rom. 5:12-21; Heb. 2:2). Sonde is *hoogmoed en verwaandheid* (Gen. 3:5; 1 Tim. 3:6; 2 Pet. 2:4).
- Sonde is volgens die oorspronklike Griekse woord die *misloop van jou bestemming*.
- Sonde is *haat*, want dit is die teendeel van die liefde wat deur God geëis word (Eks. 20:5; Matt. 22:36-40).
- Sonde is *wetteloosheid en wetsoortreding* (1 Joh. 3:4).

In die lig van hierdie kort uiteensetting kan ons die erns van die sonde sien. Dit is nodig, want soms word daar oppervlakkig en selfs ligsinnig oor die sonde gepraat. Dit gebeur omdat daar nie met die erns van die sonde as sonde teen God rekening gehou word nie.

Die sonde van die mens roep om straf deur God – tydelike en ewige straf. God het reeds in die paradys die straf op die sonde aangekondig (Gen. 2:17). Na die sondeval het God die straf herhaal (Gen. 2:19). Die geregtigheid van God eis dat die sonde gestraf moet word, want Hy haat onreg (Ps. 5:6; 51:6; 130:3). Om iets van God se straf te verstaan, moet ons kyk na 'n paar mense wat die straf van God reeds hier op aarde ervaar het.

- *Lot se vrou* was ongehoorsaam en het in 'n soutpilaar verander (Gen. 19:26).
- *Agan* het gesteel en is op bevel van God gestenig (Jos. 7:25).
- *Ananias en Saffira* het gelieg en toe het albei dood neergeval (Hand. 5:1-11).
- *Herodes* het sy eie eer bo die eer van God gestel en is deur wurms verteer (Hand. 12:23).

Dit is nog maar net die straf van God in sy tydelike vorm. Hoe sal dit dan nie wees vir hulle wat in die hel sal beland en die straf van God oor die sonde vir ewig ervaar nie? Hoe kan ons dan nog ligtelik oor ons sondes en die vergewing daarvan heenloop asof dit geen ernstige saak is nie? Dit is 'n saak waarvoor ons God alleen van harte kan loof en dank, omdat Hy die genade van die vergewing van sondes om Christus ontwil aan ons bewys het.